NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# GROOTSHEID SONDER GRENSE

PROFIEL
**2024/2025**

# DIE GROTER PRENTJIE

**26**
*openbare hoëronderwysinstansies in SA*

**6**
*omvattende universiteite*

**14**
*konvensionele universiteite*

**6**
*universiteite van tegnologie*

**Noordwes-Universiteit (NWU)**
is een van SA se konvensionele universiteite

**Universiteite Suid-Afrika (USAf)**
is die beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstansies

**Die voorblad:**

Die naghemel in al sy prag simboliseer ons tema, Grootsheid sonder grense.

Vir ons simboliseer die uitdyende Heelal grootsheid wat grense oorskry; dit oorkom struikelblokke en ontdek nuwe en opwindende weë.

Net soos die bekende Heelal geen rand of grens het nie, het ons strewe na grootsheid geen perke nie. Dit is ŉ deurlopende reis met baie mylpale langs die pad, maar niks om aan te dui dat ons gearriveer het nie.

Hierdie grootsheid is bedoel vir die NWU as universiteit, en vir elke persoon wat daaraan verbonde is. As medereisigers ruil ons kennis en vaardighede uit, inspireer ons mekaar en probeer ons om te gaan waar niemand nog ooit vantevore gegaan het nie.

As ŉ kennissoekende instelling wat streef na grootsheid, nooi ons u – ons belanghebbers – om ons te vergesel op hierdie eindelose avontuur.

# INHOUD

*Klik op elke bladsynommer om verder te lees.*


PAGE **02** Laat jou grootsheid gedy
**03** Waar drome verwesenlik word
**04** Waar dit gebeur...
**05** Wie is aan die stuur van sake?
**08** Strewe na uitnemendheid: hier gaan ons!
**09** 'n Akademiese medley
**10** Kritieke vaardighede vir die land
**18** Die wêreld is ons speeltoneel
**20** Ons betrokkenheid by ons bure
**23** Innovasie vir die toekoms
**25** Hartklop van die NWU: ons fakulteite
**39** Kennis sonder grense
**40** Aflewering van goed afgeronde studente
**43** Verbeelding- en spierbou


*Let asseblief daarop dat alle 2023- en 2024-syfers voorlopig is aangesien finale ouditering steeds in proses was toe hierdie dokument opgestel is.*

Dwarsdeur hierdie publikasie sal u skakels vind na verwante inligting (dit sal soos volg lyk: **skakel**).

# LAAT JOU GROOTSHEID GEDY

## Die gees van die universiteit

In sterrekunde word grootte gemeet in ligjare, die spoed van lig, of die kosmiese siklusse van die geboorte en dood van sterre. In deeltjiefisika, aan die ander kant, kan die grootsheid wat lewe uitmaak, gekry word in oneindig klein verskynsels, soos leptone en kwarke, wat die boustene van protone en neutrone.

Die omvang van grootsheid by die NWU is net so oneindig, en dring deur ruimte en tyd.

Ons strewe na grenslose grootheid sluit ons verlede en ons toekoms in – dit is deel van NWU se DNS en erfenis, en 'n trotse nalatenskap vir toekomstige geslagte.

Gevolglik het Grootsheid sonder grense die tema geword wat soos 'n goue draad deur al ons aktiwiteite in 2023 en 2024 geloop het; dit is ook die storie wat ons in hierdie geïntegreerde verslag vertel.

Hierdie gees kenmerk alles wat ons doen – van ons akademiese aanbod en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies:

- Ons fokus op internasionalisering (pp18 - 19)
- Ons akademiese fakulteite (pp25 - 38)
- Ons afstandsleerfasiliteit (p39)
- Ons kuns- en kultuurprestasies (pp43 - 44)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (pp45 -48)

## NWU-logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## Slagspreuk

It all starts here

Dit begin alles hier

Gotlhe go simologa fano

## Versnelling van ons digitale reis

Die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR) het die digitale omgewing meer verander as wat ons ooit sou kon raai – en die NWU is gretig om die meeste te maak van hierdie nuwe digitale wêreld.

Met die oorgang van die 4NR na die Vyfde Industriële Revolusie (5NR) is ons gereed om voorpunttegnologieë soos kunsmatige intelligensie en die internet van dinge in onderwys en navorsing te integreer en die NWU as 'n innoverende leier op hierdie gebiede te posisioneer.

As deel van ons strewe na grootsheid sonder grense sal ons voortgaan om ons uitgebreide digitale besigheidstrategie te implementeer om ons digitale reis te versnel in alles wat ons doen, insluitend ons studenteondersteuningsaktiwiteite en werkplekpraktyke.

# WIE ONS IS

## ’n Verenigde instelling

Die NWU is daartoe verbind om te funksioneer as ’n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit wat billikheid, herstel en globaal mededingende onderrig, leer en navorsing oor alle kampusse heen moontlik maak. Sáám kan ons enige moontlike toekomstige geleenthede en uitdagings die hoof bied.

## Ons visie

Om nuwe grense en geleenthede te ontdek wat die samelewing bevoordeel en ons relevansie en impak bevorder.

## Ons missie

Om die samelewing te bevoordeel deur die verskaffing van kennis, en uit te blink in innoverende onderrig, voorpuntnavorsing en gefokusde gemeenskapsbetrokkenheid.

## Ons strategiepilare

Die pilare van die NWU se strategie sluit ons visie, missie, waardes, prioriteite, rigtinggewende beginsels en doelwitte in.



# DIT IS WAAR
# DIT GEBEUR...

Ons kernaktiwiteite – onderrig en leer en navorsing – is vervleg met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie in ons agt fakulteite waarvan die meeste afstand- sowel as kontakstudente dien.




## ...met die volgende in gedagte

As die NWU was ons nog altyd trots daarop dat ons 'n waardegedrewe instelling is. Daarom het ons ons toewyding aan ons rigtinggewende waardes opnuut bevestig. Hulle is:

- Omgee en inklusief
- Entoesiasme oor diversiteit
- Deursigtigheid
- Uitnemendheid in alle strewes
- Etiek in alle strewes
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid
- Akademiese vryheid en vryheid van navorsing

# VIND UIT WIE
# DIT LAAT GEBEUR

## Ons vertroude leierskap

**Hoof en visekanselier**

**Dr Bismark Tyobeka**
Hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat oor die universiteit se algehele prestasie aan die NWU-Raad verantwoording doen.

**Adjunk-visekanselier:** onderrig en leer

**Adjunk-visekanselier:** navorsing en innovasie

Die adjunk-visekanseliers op die kampusse is verantwoordelik vir kampusbedrywighede en ander toegewese funksies.

**Adjunk-visekanselier:** Mahikengkampus

**Adjunk-visekanselier:** Potchefstroomkampus

**Adjunk-visekanselier:** Vanderbijlparkkampus

Daarbenewens het ons ŉ registrateur en vier uitvoerende direkteurs.

**Registrateur**

**Uitvoerende direkteur:** finansies en fasiliteite

**Uitvoerende direkteur:** mense en kultuur

**Uitvoerende direkteur:** korporatiewe verhoudinge en bemarking

**Uitvoerende direkteur:** studentelewe

Ons het agt fakulteite.

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Gesondheidswetenskappe

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Opvoedkunde

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Ingenieurswese


**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Regte

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Uitvoerende dekaan:** Fakulteit Teologie

# Ons wenspan

## Geslags- en rassesamestelling van permanente personeel soos op 31 Maart 2024*




**(2024-syfers is nie finaal nie)*

## Hoe ons mense bemagtig

| | |
|---|---|
| Swart uitvoerende direkteurs (as % van totale uitvoerende direkteurs) | 75% |
| Vroulike uitvoerende direkteurs (as % van totale uitvoerende direkteurs) | 25% |
| Swart personeel (as % van totale personeel) | 56% |
| Vroulike personeel (as % van totale personeel) | 53% |
| Swart lede van Universiteitsbestuurskomitee (% van totale UBK) | 54% |
| Vroulike lede van Universiteitsbestuurskomitee (% van totale UBK) | 45% |

# Ons salueer ons baanbrekers en soekers na kennis

## Navorsingstelkaart

**2 944,78**
geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2022*

**1 786,68**
artikelekwivalente gepubliseer in 2022*

**205**
postdoktorale genote in 2022*

**(2022-syfers nog nie goedgekeur nie)*

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| PhD's toegeken | 314 | 251 | 264 | 213 | 277 |
| NNS-gegradeerde navorsers | 248 | 263 | 280 | 298 | 322 |

**(2023-syfers is nie finaal nie)*

*Tussen 2019 en 2023 het die aantal NNS-gegradeerde navorsers met 74% toegeneem.*

## Hoe ons navorsingskapasiteit 'n hupstoot gee

Wanneer ons akademici suksesvol aansoek doen vir gradering en hul navorsingsuitset verbeter, groei hul vermoë om grense te verskuif en oplossings vir die probleme in die samelewing te vind – en so ook die universiteit se kennisbasis. Die NWU lewer 'n bydrae deur opleiding te verskaf oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels, en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## Die uitbou van ons poel van nagraadse studente

Ons poel navorsingsvaardighede word steeds groter omdat ons aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente werf. In 2024 het ons 354 internasionale nagraadse studente op ons kampusse gehad (met inbegrip van honneurs en nagraadse diplomas).

# STREWE NA UITNEMENDHEID: HIER GAAN ONS!

## Ons taalbeleid is uniek

Ons het 'n meertalige taalbeleid wat poog om 'n billike en funksioneel meertalige taalomgewing oor alle komponente van die universiteit heen daar te stel, wat verseker dat al ons studente en personeel maklik met mekaar kan kommunikeer.

Die taalbeleid bevorder die akademiese status van die vernaamste Afrikatale van die streke waarbinne ons kampusse geleë is – naamlik Setswana en Sesotho – as onderrigmediums en vir akademiese diskoers. Ons doen dit benewens die handhawing van Engels en Afrikaans as ons ander huidige onderrigtale.

In plaas daarvan om die verskeidenheid van tale wat gepraat en geskryf word te verminder, is ons taalbeleid inklusief. Ons gebruik alle linguistiese hulpbronne en dienste, soos tolking, vertaling en transtalingsmaatreëls, op 'n wyse wat funksioneel meertalig en inklusief is om die waardes van die NWU te weerspieël.

Ons meertalige taalbeleid stel die NWU-gemeenskap in staat om die rykdom van mekaar se tale te ervaar en te respekteer en om hul linguistiese repertoires te gebruik om ons meertalige doelwitte te verwesenlik. Ons bedoeling is om onderrig, leer en die studente-ervaring deur funksionele meertaligheid te verbeter.

Uiteindelik wil ons hê dat ons studente die vakinhoud kan bemeester en toepas – in meer as net een of twee tale. Ons droom is om 'n universiteit te skep waar almal welkom sal voel in hul eie taal en dit sal kan gebruik om vryelik te onderrig, te leer en interaksie te hê.

Die NWU se meertalige taalbeleid laat ons toe om grense oor te steek en mekaar se ryk taalerfenis te waardeer.



# AKADEMIESE UITNEMENDHEID STREK VERBY GRENSE

Die NWU bied meer as net 'n opvoeding: ons help mense om hul drome te erken en hul potensiaal te verwesenlik.

Ons akademiese aanbod bied aan studente 'n groot keuse, en buigsaamheid. Deur gebruik te maak van die talle geleenthede wat ons hulle bied, vervul hulle hul potensiaal en begin hulle hul loopbane ontwikkel.

## Onderrig- en leer-telkaart

Ons het ons studente-inskrywings, slaagsyfers en aantal toegekende kwalifikasies beduidend verhoog sedert 2004, toe die NWU tot stand gebring is.

**38,21%**
Totale groei
**Studente ingeskryf**
**2004 → 2023**
40 145 → 55 483

**27,97%**
Totale groei
**Kwalifikasies toegeken**
**2004 → 2023**
9 657 → 12 358

**5,84%**
Totale groei
**Voorgraadse sukseskoers**
**2005 → 2023**
78,02% →83,86%

**218%**
Totale groei
**PhD's toegeken**
**2004 → 2023**
87 → 277

**(2023-syfers is nie finaal nie)*

## Sukseskoerse en kwalifikasies van 2019 tot 2023

'n Jaar-tot-jaar-uiteensetting van ons prestasie in die afgelope vyf jaar gee 'n omvattende oorsig oor ons bydrae.

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023* |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse sukseskoers | 83,8% | 92,27% | 89,2% | 86,37% | 83,86% |
| Graadverwerwingskoers | 23,5% | 27,4% | 27% | 23% | 22,27% |
| Grade en diplomas toegeken | 14 961 | 15 454 | 14 484 | 13 736 | 12 358 |
| Meestersgrade toegeken | 798 | 722 | 698 | 695 | 750 |
| PhD's toegeken | 314 | 251 | 264 | 213 | 277 |

**(2023-syfers is nie finaal nie)*

# HOE ONS KRITIEKE VAARDIGHEDE VOORSIEN

Die NWU bied 'n reeks kwalifikasies en akademiese programme aan wat graduandi in staat stel om skaars en strategiese vaardighede tot die ekonomie by te dra. Dit word aangebied deur gebruikmaking van kontak-, aanlyn of afstandsonderrig en toepaslike onderrig-leer-tegnologieë.

## Onderwysers

Die Fakulteit Opvoedkunde lewer 'n beduidende bydrae om aan die land se behoefte te voldoen aan gekwalifiseerde, professionele onderwysers. Die fokus is op voorgraadse en nagraadse onderrigprogramme met spesialiserings in skaars vaardighede, soos vroeë kinderontwikkeling, die wetenskappe, spesialebehoefte-onderwys, wiskunde, en 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale.

Deur verskillende kwalifikasies via afstandsonderrig aan te bied, gee ons werkende opvoeders landwyd die geleentheid om hul kwalifikasies op te gradeer, wat verskillende loopbane in die onderwyssektor oopmaak.

Daar is 'n groot tekort in Suid-Afrika aan tegniese vaardighede in onderwys. Die fakulteit lewer 'n bydrae deur opleiding te verskaf aan opvoeders in meganiese, siviele en elektriese tegnologie en in grafiese ontwerp vir ingenieurswese.

## Risikobestuurders en ekonome

Ons ekonomie- en risikobestuursgrade maak deure oop na skaarsvaardigheidsberoepe. Dit sluit in ekonomiese navorsing en analise, finansiële adviesdienste aan die regering en die privaat sektor, beleggingsontleding, portefeuljebestuur en finansiële risiko-ontleding.

'n Unieke nagraadse geleentheid is die toegepaste risikobestuursprogram van die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe. Dit het gedragsrisikobestuur as 'n spesifieke fokus, rus studente toe om gedragsrisiko-instrumente in die praktyk te gebruik en is die enigste nagraadse program in toegepaste risikobestuur in Suid-Afrika.

## Gesondheids- en veiligheidsbestuurders

Ons leef in ŉ veranderende wêreld van uiteenlopende gesondheids- en veiligheidsrisiko's. Werkgewers het baie wetlike en morele verpligtinge om gesondheid en veiligheid in die werkplek te verseker en om die omgewing te beskerm, en die vraag na gespesialiseerde beroepslui in die veld neem toe.

Ons BCom-graad in bestuurswetenskappe met veiligheidsbestuur kombineer ondernemingsbestuur en veiligheidsbestuur, met die fokus op veiligheidsouditering, gesondheids- en veiligheidstelsels, veiligheidsrisikobestuur, die ondersoek van voorvalle, en veiligheid in die werkplek.

Gesondheid en veiligheid is ŉ opwindende, uitdagende en gespesialiseerde vakgebied waar veiligheidspersoneel interaksie het met ander spesialiste, soos gesondheidspraktisyns, beroepshigiëniste en omgewingspraktisyns.

Vir die suksesvolle student bied die graad toegang tot honneurs-, meesters- en doktorsgrade in ondernemingsbestuur.

## Rekenmeesters

Die tekort aan gekwalifiseerde rekenmeesters in Suid-Afrika is ŉ groot uitdaging, en die NWU streef daarna om te verseker dat ons ŉ program het vir alle voornemende studente wat rekenmeesters wil word.

Ons is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat vier professionele rekeningkundegrade tot op honneursvlak aanbied. Dit is die BCom-grade in forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde.

NWU-studente vaar besonder goed in die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Ons bied ook meestersgrade in spesialiserings soos rekeningkunde, forensiese rekeningkunde, belasting en bestuursrekeningkunde aan.

*Die NWU het hom weereens as een van die land se voorste rekeningkunde-instansies onderskei deur verskeie gesogte internasionale toekennings in te palm. Prof Sanlie Middelberg van die Skool vir Rekeningkunde was verantwoordelik vir die NWU se inskrywings*

**Lees meer**



## Landbou-ekonome

As gevolg van ’n verminderde navorsingsfokus by landboukolleges en die Landbounavorsingsraad het die landboubedryf ’n groot aantal hoogs geskoolde personeel verloor. Verskeie agribesighede het die NWU versoek om werk te maak van die kritieke behoefte aan opleiding en navorsing in die landbou wat die regering as ’n strategiese prioriteit geïdentifiseer het.

Daar is ook ’n beduidende tekort aan vaardighede vir die bestuur en administrasie van agribesighede, insluitend finansiële bestuur. Ons Skool vir Ekonomiese Wetenskappe wil hierdie vaardigheidstekorte die hoof bied met ’n BCom-graad in landbou-ekonomie, terwyl ons Skool vir Landbouwetenskappe ’n BSc-graad in landbou-ekonomie aanbied.

## Regskenners

Die Fakulteit Regte bied regsopleiding en gefokusde navorsing, en is betrokke in die gemeenskap. Nagraadse aanbiedinge op meesters- en doktorale vlakke sluit uiteenlopende vakgebiede in, met inbegrip van omgewingsreg en -bestuur, ontwikkeling, internasionale handelsreg, handelsreg, en arbeidsreg wat almal belangrik is vir ’n ontwikkelende land.

Studente en personeel onderneem navorsingsprojekte wat ontwikkelings- en regsuitdagings in Suid-Afrika, Afrika en wêreldwyd aanspreek. Ons studente is toegerus om verskillende oplossings vir ’n probleem krities te evalueer in die lig van die praktiese oorwegings, regsbeleid, en die feit dat probleme nie in isolasie bestaan nie, wat respek vir menseregte, waardigheid en maatskaplike geregtigheid verseker.




*By die 2024 Konferensie vir Regsdosente van Suidelike Afrika, wat die NWU se Fakulteit Regte by Sun City aangebied het, het dit gou duidelik geword dat toekomstige regslui ’n sterk verantwoordelikheidsgevoel ten opsigte van maatskaplike geregtigheid koester.*

Lees meer

## Wiskundiges en dataontleders

Ons bied voor- en nagraadse kwalifikasies aan in die kritieke vakgebiede van wiskunde, toegepaste wiskunde, statistiek, besigheidsanalise en kwantitatiewe risikobestuur. Wiskunde vorm die grondslag van alle wetenskaplike ontwikkeling en navorsing en stel metodes daar vir die insameling en ontleding van, en die verslagdoening oor, data.

Die breë vakgebied van statistiek is deur die regering tot ’n kwesbare kritieke wetenskap verklaar as gevolg van ’n ernstige tekort aan statistiese vaardighede in die privaat sektor en selfs in regeringsdepartemente soos Statistieke SA.

## Aktuarisse

Die NWU is bekend vir die gehalte van ons graduandi in aktuariële wetenskappe en die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika spog met verskeie programme wat beroepslui vir die finansiëledienstesektor aflewer, spesifiek versekering en bankwese.

## Rekenaarwetenskaplikes en inligtingstelselspesialiste

In Suid-Afrika en die res van die wêreld is daar ’n groot behoefte aan rekenaarwetenskaplikes en inligtingstegnoloë. Ons programme verskaf graadvlak-kundigheid en vaardighede in rekenaarwetenskap en inligtingstelsels, en berei graduandi voor op die uitdagings van die Vyfde Nywerheidsrevolusie (5NR).

## Natuurwetenskaplikes en bioloë

Ons lewer natuurwetenskaplikes soos fisici, chemici en bioloë af wat gesog is in onder meer vervaardiging, die mynwese en die farmaseutiese sektor. Sommige graduandi doen navorsing oor toegepaste fisika, waar hulle alternatiewe en skoon energiebronne ondersoek of vervaardigingsprosesse meer koste-effektief maak.

Astrofisici gebruik hul hoëvlak-probleemoplossingsvaardighede om belangrike tegnologiese infrastruktuur en deurbrake te lewer.

## Taalpraktisyns

In meertalige en multikulturele Suid-Afrika is daar ŉ groeiende vraag na gekwalifiseerde taalpraktisyns met gespesialiseerde vaardighede in vertaling, teksredigering, tolking, oudiovisuele vertaling, en gebaretaal.

Taaltegnologie en rekenaarlinguistiek is ook groeiareas gegewe die vooruitgang in tegnologie en die opkoms van die 4NR. Bogenoemde is alles areas waar ons gefokusde voor- en nagraadse aanbiedings het.

Nagraadse studente het geleenthede om gespesialiseerde navorsingsvaardighede te ontwikkel en gevorderde navorsingsmetodes te ondersoek, insluitend korpusontwikkeling en -ontleding, oogvolging en sleuteldrukvaslegging, sagteware-ontwikkeling en masjienleer.

## Vertolkers van antieke tale

Die NWU is uniek in die aantal antieke tale wat hier aangebied word. Kennis van hierdie tale was nog altyd ŉ skaars vaardigheid en alhoewel antieke tale ŉ klein vakgebied is, is daar ŉ groot vraag na vertolkers van antieke dokumentêre bewysmateriaal. Hulle vaardighede sluit in die vertaling van heilige en sekulêre tekste in moderne tale, byvoorbeeld Bybelvertaling in Afrikatale.

## Omgewingsbestuurders

Die regering het omgewingsbestuur gelys as ŉ “grootste aanvraag”-beroep en beskou dit as die 35ste skaarsste vaardigheid in Suid-Afrika.

Die meestersgraadprogram in omgewingsbestuur, aangebied deur die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, verskaf wêreldgehalte nagraadse opleiding en navorsing oor die prestasie van verskillende omgewingsbestuursbenaderings en -instrumente.

## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op, wat ’n baie belangrike rol vervul in die lig van die nypende tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika, en die vraag na tegnici met opleiding in navorsing.

## Inheemse kennisstelsel-spesialiste (IKS-spesialiste)

Slegs enkele tersiêre instansies in Suid-Afrika bied IKS as ’n formele kwalifikasie aan. Ons IKS-aanbod is multidissiplinêr van aard en integreer aspekte van inheemse landbou, gesondheid, wetenskap en tegnologie.

## Gesondheidspraktisyns en verwante kliniese wetenskaplikes

Die NWU is trots op sy professionele programme in farmasie, dieetkunde, verpleegkunde, biokinetika en kliniese sielkunde, en lewer hoëgehaltegraduandi aan die gesondheidsektor waar daar ’n groot vraag na hul vaardighede is.

Forensiese maatskaplike werk is in die staatskoerant afgekondig as ’n spesialiteitsveld in maatskaplike werk as deel van die regering se verbintenis om kinders te beskerm – veral in die stryd teen seksuele mishandeling van kinders en in hoëkonflik-egskeidingsake.

Ons meestersgraad in maatskaplike werk in forensiese praktyk is ’n direkte reaksie op hierdie professionele praktykbehoefte en word gesamentlik in die Skool vir Psigososiale Gesondheid en die Psigososiale Gemeenskapsnavorsingsentiteit (COMPRES) gehuisves.

Ons is tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat hierdie spesialiskwalifikasie aanbied waar maatskaplike werkers opgelei word om as deskundige getuies op te tree in strafregsake sowel as in gesinshof- en kinderhofprosedures.

Ons Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie huisves die Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes. Hierdie sentrum ontwikkel voortdurend nuwe kortkursusse om die regulatoriese kapasiteit van internasionale medisynereguleerders uit te bou.

## Klinici - Nuwe NWU Mediese Skool

Afgesien van bogenoemde het die NWU en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe ook nasionale goedkeuring ontvang om 'n nuwe mediese skool te begin. Die eerste inname word beplan vir 2028, en behoort te help met die nasionale tekort aan klinici.



*Die NWU was nog altyd daartoe verbind om die uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, die hoof te bied. 'n Belangrike uitdaging is die tekort aan gesondheidswerkers en beperkte toegang tot voldoende gesondheidsorg. Hierdie probleem vereis veelvuldige oplossings, en die NWU tree graag tot die stryd toe met die voorgenome oprigting van 'n eie mediese fakulteit.*

Lees meer

## Beroepshigiëniste

Die BHSc in beroepshigiëne is die enigste vierjarige professionele graad vir beroepshigiëniste in Suid-Afrika. Dit is ook van waarde vir buurlande waar die beroepshigiëneraamwerke grootliks op Suid-Afrika se wetgewing en kundigheid staatmaak.


# Ingenieurs

Ons bied spesialiserings aan wat wissel vanaf chemiese ingenieurswese, meganiese en elektriese ingenieurswese tot 'n hibried van elektromeganiese ingenieurswese. In ooreenstemming met die 4NR bied ons ook grade in rekenaar- en elektroniese ingenieurswese, megatroniese ingenieurswese en bedryfsingenieurswese aan.

Alle voorgraadse programme is internasionaal geakkrediteer deur die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) en behels industrie- en navorsingsamewerking, wat strek tot gefokusde nagraadse grade.

Deur ons navorsingsentiteite rus ons ingenieurs en navorsers toe om ondersoek in te stel na geïntegreerde energie-oplossings, insluitend fossielbrandstof, biobrandstof, son- en waterstofenergie.

Om skaars vaardighede 'n verdere hupstoot te gee, ontwikkel ons ook mediese toestelle en kommersialiseringsplatforms, en doen ons navorsing oor kunsmatige intelligensie en diep leer, industriële outomatisering, intelligente stelsels, dinamiese modellering en beheer, telekommunikasie en vliegtuigontwerp sowel as gevorderde en laagvervaardiging.




*'n Tweede kans vir beter matriekuitslae is dalk die sleutel tot 'n suksesvolle loopbaan in ingenieurswese. Die NWU se innoverende Xcel-program gee talentvolle matrieks wie se finale punte dreig om hul ingenieursdrome te kortwiek, die geleentheid om hul passie na te streef. Met die program kan studente graad 11 en 12 herhaal deur nuwe punte vir hul Skoolgebaseerde Assesseringsportefeulje te verdien. Lihle Vilkati, Boitomelo Matsobane en JP van Deventer het die program voltooi en is dit eens dat Xcel die deur tot 'n suksesvolle loopbaan in ingenieurswese is.*

Lees meer



# DIE NWU OP DIE WÊRELDVERHOOG

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons deel van die globale hoëronderwysgemeenskap. Dit gee ons insig in hoëronderwysneigings en toegang tot vennootskappe en samewerkings wat ons in staat stel om nuwe maniere te ontdek om ons gemeenskappe en onsself te bemagtig.

Ons internasionaliseringsaktiwiteite sluit in samewerking wat betref akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede. Ons bied gesamentlike grade met ons vennote aan en ons personeel werk saam aan publikasies, ontwikkel internasionale netwerke en dien op internasionale liggame. Ons aktiwiteite sluit ook internasionale besoeke in, en uitruilprogramme vir studente sowel as personeel.

In 2024 het ons 1 137 internasionale studente van meer as 50 lande gehad. Onder hulle was 454 nagraadse studente, insluitend 239 doktorale kandidate.*

**2024-syfers is nie finaal nie.*



# Hoe ons plaaslik en internasionaal presteer

Die NWU het verhoudinge met baie universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland. Ons werk ook nou saam met internasionale liggame wat aktief is in ŉ groot verskeidenheid dissiplines – van medies, gesondheid, teologie en energie tot ekonomie, opvoedkunde, handel en sport.

In Suid-Afrika werk ons saam met spelers in industrieë soos farmaseutika, toerisme, mynwese, bankwese en elektrisiteitsvoorsiening, sowel as plaaslike besighede.

Binne Suid-Afrika het ons betrekkinge met nasionale professionele entiteite en beheerliggame op die vakgebiede van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, tesourie, ingenieurswese en kunsmatige intelligensie.

Ons skakel ook met verskeie provinsiale en nasionale regeringsdepartemente, en daar is noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik, provinsiaal en nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

Ons werk saam met ons kennisvennote regoor die wêreld om ons netwerke uit te brei en ons kundigheid te deel, deur oor grense te beweeg om oplossings vir maatskaplike probleme te vind.

# ONS VIND NUWE MANIERE OM ’n VERSKIL TE MAAK

## Strewe na ’n volhoubare impak:

Die deel van ons kundigheid en ons gemeenskapsbetrokkenheidsmandaat is vervleg met ons fundamentele missie van onderrig, leer en navorsing en benadruk volhoubaarheid en ’n tasbare impak binne die gemeenskap. Ons benadering getuig van ons toewyding om blywende verandering teweeg te bring en die lewens te verryk van diegene wat ons dien.

Ons is ingestel op die stemme van ons plaaslike gemeenskappe, wat ons in staat stel om op hul geïdentifiseerde behoeftes te reageer met pasgemaakte ondersteuning.

Ons gemeenskapsbetrokkenheid weerspieël hierdie responsiwiteit, aangesien ons poog om die werklike impak van ons intervensies te meet aan die gemeenskap se behoeftes om te verseker dat ons bydraes nie net onmiddellik is nie, maar ook blywend is.

In ons strewe na breër doelwitte pas ons ons pogings nougeset aan by die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD’s) en die Afrika-agenda 2063. Met hierdie strategiese belyning wil ons hierdie doelwitte vir die wêreld en vir Afrika deel maak van ons inisiatiewe, om so die impak en relevansie van ons werk te versterk.

Ingebed in ons institusionele droom is ’n daadwerklike verbintenis tot die gemeenskappe binne die munisipale gebiede van ons kampusse, maar ook verder weg. Hierdie verbintenis word gekenmerk deur betrokke wetenskapsbeoefening, ’n proaktiewe standpunt oor maatskaplike kwessies, en ’n sorgsaamheidsetiek wat ons werk deurdring. Ons werk nie net binne hierdie gemeenskappe nie; ons werk met hulle saam en vergestalt ’n vennootskap wat diep gewortel is in gedeelde waardes en gemeenskaplike doelwitte.


## Inisiatiewe in ons streek:

Naby ons kampusse het die NWU die voortou geneem om ’n reeks gemeenskapsbetrokkenheidsinisiatiewe te inisieer wat daarop gefokus is om ontwikkeling te bevorder en bystand te bied waar dit die nodigste is. Ons gebruik ons akademiese bates, verbintenisse en kennis om ons omliggende gemeenskappe te verbeter, terwyl ons verseker dat ons impak tot betekenisvolle en voordelige uitkomste lei. Enkele van hierdie inisiatiewe is:

Die Noordwes Nguni-beesontwikkelingsprojek wat oor 15 jaar strek en al meer as 130 plase bevoordeel het, bemagtig kleinboere. Begunstigdes het 'n klein aanvangskuddetjie ontvang, gevolg deur dieremonitering en -evaluering. Hierdie projek het mense se lewensgehalte oor vier groot distrikte in die Noordwesprovinsie aansienlik verbeter, wat die impak daarvan met veelvuldige VOD's belyn het.

By Potchefstroom Hospitaal het die volgehoue pogings van toegewyde personeel en studente oor agt jaar uitgeloop op 'n robuuste gemeenskapsondersteuningstelsel. BEdHons-studente in Opvoedkundige Sielkunde, onder leiding van dr Wanda van der Merwe, het 'n deurslaggewende rol in hierdie inisiatief gespeel. Hulle fasiliteer "The Prem Lilies"-ondersteuningsgroep in die neonatale eenheid, waar welstandsberading en -programme aan kwesbare ouers aangebied word om 'n koesterende omgewing te skep in ooreenstemming met VOD's 3 en 5.

Die Skool vir Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels, in samewering met die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika, het 'n GeeXpo-geleentheid aangebied waar 'n diverse skare – van entrepreneurs tot hoërskoolleerders – betrokke raak by die jongste ontwikkelings in wiskunde, statistiek, wetenskap en tegnologie.



*Die HaReJeng (laat ons eet)-gemeenskaps-betrokkenheidstuinprojek, wat in 2023 op die NWU se Vanderbijlparkkampus van stapel gestuur is, stel dit ten doel om gemeenskapsbetrokkenheid, diensleer en volhoubare voedselproduksie te bevorder en terselfdertyd armoede in omliggende gemeenskappe te verlig.*

Lees meer

## Leer en dien saam:

By die NWU word ons toewyding aan gemeenskapsbetrokkenheid geïllustreer deur ons robuuste portefeulje van uitreikprogramme, met 'n merkwaardige 500 aktiwiteite wat in 2023 onderneem is. Hierdie aktiewe betrokkenheid is 'n bewys van ons verbintenis tot gemeenskapsgroei en gedeelde kundigheid.

Ons studente is aan die voorpunt van hierdie uitreik, en neem deel aan 'n verskeidenheid werkgeïntegreerde en diensleerprojekte wat nie net hul opvoedkundige reis verbeter nie, maar ook 'n betekenisvolle verskil in die gemeenskap maak. 'n Hoogtepunt is 'n inisiatief deur die NWU Besigheidskool, waar MBA-studente in bedryfsbestuur meer as 100 organisasies sonder winsoogmerk die afgelope dekade positief beïnvloed het.

Op die gebied van gesondheidsorg staan ons samewerking met Transnet op die Phelophepa-treinprojek uit. Twee treine ry na stasies in gemeenskappe regoor Suid-Afrika om noodsaaklike gesondheidsorgdienste (soos optometrie en tandheelkunde) te lewer.

Die Fakulteit Ingenieurswese het ook goeie vordering gemaak met sy lae-emissiestoof-veldtog, wat daarop gemik is om luggehalte in lae-inkomste-huishoudings te verbeter. Hierdie praktiese toepassing van ingenieurskundigheid onderstreep ons fakulteit se verbintenis om werk te maak van omgewings- en openbaregesondheidskwessies.

In vennootskap met NEMISA het die Fakulteit Geesteswetenskappe digitale geletterdheid uitgebrei deur rekenaaropleiding in Mahikeng-skole te verskaf, wat die volgende generasie toerus met noodsaaklike vaardighede vir die digitale era.

Boonop toon ons regsklinieke ons verbintenis tot regsbemagtiging deur deurlopende opvoedkundige programme en kapasiteitsboupogings, wat verseker dat regsondersteuning en -kennis verder strek as die universiteit, tot in die hart van die gemeenskap.

## Vennootskappe om ons kundigheid te deel:

Ons gaan voort met ons missie om die teikens te bereik wat deur die VN se VOD's en die Afrika-agenda 2063 gestel is deur ons kundigheid te deel deur strategiese vennootskappe wat ons kollektiewe impak versterk.

Deur kragte saam te snoer met 'n verskeidenheid vennote ontsluit ons innoverende metodes om blywende bydraes tot die welsyn van die gemeenskap te maak. Ons interaksie met 95 maatskappye en organisasies sonder winsoogmerk in 2023 was instrumenteel in die mede-skepping van waardegedrewe gemeenskapsaktiwiteite en die versterking van ons vennootskappe.

Ons betrokkenheid word verder versterk deur ons vennootskap met die Noordwes Provinsiale Regering, 'n sleutelbelanghebber in diverse projekte oor departemente soos Kuns, Kultuur en Rekreasie, Statistiek, en Gesondheid. Samewerking met entiteite soos die Film- en Produksieraad en die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) was die vrugte van ons uitgebreide netwerk en ons verbintenis tot 'n gedeelde visie van maatskaplike vooruitgang.

# ONTSLUIT DIE TOEKOMS DEUR INNOVASIE

## Innovasie met impak

Innovasie is 'n belangrike deel van ons reis, aangesien ons altyd op soek is na lewensveranderende oplossings tot voordeel van die samelewing.

Ons werk met alle tipes innovasies op alle stadiums van ontwikkeling Tradisioneel was baie van ons innovasies op die gebied van wetenskap, tegnologie en ingenieurswese, maar ons Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun het ons kommersialiseringsvaardighede versterk om ook innovasies uit die geesteswetenskappe, sosiale wetenskappe en kunsdissiplines in te sluit.

### Die NWU het

**461**
toegestane patente, wat

**69**
patentfamilies en

**54**
lande insluit

In onlangse jare het nie-patentgebaseerde tegnologieë, soos sagteware-verwante en ander kopieregbeskermde tegnologieë, meer prominent geraak. Voorbeelde sluit in die Whartels®-wiskundespeletjie, die TjopTjop®-gesondheidsifting-toepassing, sowel as leermateriaal soos InnovateHerTM. Produkte gebaseer op NWU intellektuele eiendom het werklike en praktiese toepassings gevind op die gebied van onder meer onderwys, gesondheid, landbou en gevorderde vervaardiging.

### Bring maatskappye tot stand

Die NWU het in sy geskiedenis al gehelp met die oprigting van 42 maatskappye.

Dit sluit in newemaatskappye (wat die universiteit se intellektuele eiendom (IE) kommersialiseer), kommersiële ondernemings (wat nie-IE-besigheid bedryf) en gemeenskaps-IE-ondernemings (waar gemeenskapsuitvinders die IE skep en die NWU hulle help om 'n besigheid te stig). Die universiteit het steeds 'n belang in 18 van hierdie maatskappye.

Newemaatskappye word gestig indien nuwe NWU-tegnologieë ten beste gekommersialiseer kan word deur 'n onderneming te begin sodra die tegnologie markgereed is en die entrepreneuriese span waagkapitaal kan lok.

Die NWU is ook besig met die stigting van NWU Enterprises®, 'n volfiliaal wat spesifiek op kommersiële transaksies sal fokus. Hierdeur verskaf die NWU gerigte navorsing, konsultasie of ander kennisgebaseerde produkte aan kliënte teen 'n fooi, terwyl aan klante se vereistes voldoen word.

# Wyse besteding van geld

Die NWU is 'n finansieel stabiele universiteit wat winsgewend is. Ons standvastige benadering tot finansiële volhoubaarheid toon ons toewyding om as 'n instelling te groei en beter te word, terwyl ons ons belanghebbers bemagtig om dieselfde te doen.

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023* |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale inkomste | R5 242m | R5 146m | R5 375m | R5 746m | R6 350m |
| Surplus (herhalende items) | R906m | R1 108m | R1 282m | R1 272m | R975m |
| Personeelkoste / totale koste | 56,3% | 63,1% | 64,1% | 60,0% | 58,8% |
| Selfgegenereerde inkomste | R1 190m | R1 112m | R1 085m | R1 362m | R1 733m |
| % van inkomste vanaf regering | 41,0% | 43,0% | 42,6% | 43,0% | 38,6% |
| % van inkomste uit klasgeld | 32,6% | 34,3% | 34,5% | 33,2% | 32,5% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R119m | R56m | R14m | R19m | R45m |

** Konsep gekonsolideerde bedrae (ouditering in proses toe dokument opgestel is)*

# Hoe fondswerwing ons vorentoe neem

Universiteite kan nie net staatmaak op inkomstebronne soos staatsubsidies en klasgeld nie – ons het skenkings nodig om die wiele aan die rol te hou en ons te help om ons strategiese doelwitte te bereik.

Voortgesette ondersteuning van ons belanghebbers en skenkers stel die NWU in staat om talle geleenthede aan studente te bied. Skenkings in die vorm van onder meer beurse, navorsings- en projekbefondsing, of studentspesifieke veldtogte maak 'n beduidende verskil in die lewens van ons studente en stel ons in staat om oplossings te vind vir uitdagings wat ons gemeenskappe in die gesig staar.

Die vrygewigheid van ons skenkers skep stories van hoop, soos dié wat verband hou met ons 35 jaar oue Ikateleng-skoolprojek, sosio-ekonomiese impakprojekte en inisiatiewe om historiese studenteskuld uit die weg te ruim.

Die span by ons Ontwikkelings- en Fondsinsamelingsdepartement is verbind tot goeie bestuur van fondse, en is gretig om met voornemende donateurs te praat. Met die samewerking van ons donateurs kan ons selfs **#BeterTesame** wees.

# DIE HARTKLOP VAN DIE NWU: ONS FAKULTEITE

Fakulteitstruktuur

**8 Fakulteite**

**UITVOERENDE DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT**

**Adjunkdekaan:** onderrig en leer

**Adjunkdekaan:** navorsing

**Adjunkdekaan:** gemeenskapsbetrokkenheid

## Hier is die aantal studente in elke fakulteit soos op 31 Maart 2024*:

| Fakulteit | Studente | Fakulteitskleur |
|---|---|---|
| Opvoedkunde | 17 691 | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 11 563 | |
| Ingenieurswese | 1 732 | |
| Gesondheidswetenskappe | 6 213 | |
| Geesteswetenskappe | 7 573 | |
| Regte | 2 961 | |
| Natuur- en Landbouwetenskappe | 7 718 | |
| Teologie | 611 | |
| Besigheidskool | 888 | |

**(2024-syfers is nie finaal nie)*

Vir verdere inligting oor ons fakulteite, besoek ons fakulteitsfeiteblaaie.

# OPVOEDKUNDE

## Entrepreneuriese leer

As deel van onderwyseropleiding bied die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Onderwys-vakgroep programinhoud met ŉ sterk entrepreneuriese grondslag aan om finansiële onafhanklikheid te bevorder en by te dra tot ekonomiese groei.

Kortleerprogramme met entrepreneuriese inhoud word aangebied as deel van die professionele ontwikkeling en opleiding van dienende opvoeders.

## Uitsonderlike programme

Ons is ŉ eenstop-onderwyseropleidings- en professionele ontwikkelingsfasiliteit wat die volle spektrum van onderwysfases en onderwyserbehoeftes insluit en voorsiening maak vir kontak- en afstandsleer.

- Die fakulteit se aanbod maak voorsiening vir alle vlakke van skoling, onderwyserontwikkeling en selfs professionele ontwikkeling vir hoër onderwys. Die vlagskipaanbod is die BEd, wat die volle spektrum van aanvanklike onderwysersopleiding-programme insluit. Dit wissel van vroeë kindersorg en -opvoeding (0 tot 4 jaar) tot die meer formele grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderwys- en opleidingsfases, sowel as tegnologie.
- Nagraadse programme sluit die nagraadse onderwyssertifikaat in. Hierdie gevorderde program word aangebied deur kontak- of afstandsonderrig, sowel as die gesogte Nagraadse Diploma in Bestuur, BEdHons-, MEd- en PhD-programme.
- Ons bied ook verskeie voortgesette onderwys-programme op sertifikaat- en diplomavlak aan.

Die **Sentrum vir Hoër Onderwys Professionele Ontwikkeling (SHOPO)** fokus op die professionalisering van akademici as hoëronderwysleerkragte deur die aanbieding van kortleerprogramme en formele kwalifikasies

Die **Sentrum vir Afrikataalonderrig (SATO)** – Setswana, dra by tot die uitbou van Setswana as ŉ vakkundige taal van onderrig en leer in primêre en intermediêre onderwys.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Ons bied kortleerprogramme in leierskap en bestuur aan vir skoolbestuurspanne, terwyl nagraadse studente in opvoedkundige sielkunde gespesialiseerde ondersteuningsdienste aanbied by ŉ openbare skool.
- LEGO 6 Bricks fokus op die opleiding van eerstejaarstudente om die 6 Bricks-onderrigbenadering in alle fases te gebruik, terwyl grondslagfase-onderwysers ook in die Kenneth Kaunda-distrik opgelei word.
- Ander nuwe projekte fokus op die versekering van voedselsekuriteit, kodering en robotika, en geletterdheidsverbetering, om sodoende werk te maak van VOD’s 1, 4 en 15.

## Navorsingsleerstoele

- UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH (Oop Opvoedkundige Hulpbronne)
- ETDP-SETA-navorsingsleerstoel in Vroeë Kinderonderwys (VKO)

## NWU-navorsingsentiteite

- Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights)
- Selfgerigte Leer (SGL)
- Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER)
- Onderwysleierskap (Edu-Lead)

# Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

## Entrepreneuriese leer

Universiteite speel 'n noodsaaklike rol deur 'n kultuur van entrepreneurskap onder studente en plaaslike gemeenskappe te bevorder. As 'n fakulteit bied ons baie geleenthede aan studente en plaaslike entrepreneurs om hul entrepreneuriese talente te verbeter.

- Die NWU se bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum (bhive-OOS) ontwikkel die entrepreneuriese kapasiteit van studente, vroue en plaaslike entiteite.

**Die bhive-OOS-inisiatiewe sluit in:**

- die studentevereniging, Enactus
- die bhive mall, ons aanlyn markplatform
- ons Studente-entrepreneurskapsweekinisiatief
- die studentebesigheidskompetisies, Leopards' Lair en Entrepreneurskap-intervarsity
- 'n versnellingsprogram vir bestaande besighede
- inkubasiesteundienste vir plaaslike entrepreneurs
- ons vlagskipprogram, die Ondernemende Vroue-program (OVP)

Entrepreneurskap is ook geïntegreer in die akademiese program van ons BCom Bestuurswetenskappe-graad; studente word aangemoedig om na afloop van hul studies 'n onderneming te begin.

## Uitsonderlike programme

- Ons fakulteit se programme sluit in: vervoerekonomie, logistieke bestuur, forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, internasionale handel, landbou-ekonomie, belasting, bankwese en finansiële risikobestuur, toegepaste risikobestuur, bestuursrekeningkunde, finansiële rekeningkunde en toerismebestuur.
- Die kortleerprogram in wildlewebestuur lok plaaslike en internasionale deelnemers.
- Nagraadse studie in bedryf- en organisasiesielkunde word as die mees praktiese benadering in hul vakgebied beskou.
- Ons Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB) bied 'n uitsonderlike tweejarige deeltydse MCom in toegepaste risikobestuur aan.
- Die program vir forensiese rekeningkunde sluit 'n voorgraadse BCom-graad en honneurs-, meesters- en PhD-grade in forensiese rekeningkunde in. Die program bied ook die voorbereidende kursusse en raadseksamen vir volle lidmaatskap van die Instituut vir Kommersiële Forensiese Praktisyns aan.
- Studente in die geoktrooieerde rekeningkundeprogram vaar besonder goed in die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) se kwalifikasie-eksamen. Die NWU is al die afgelope ses jaar in die top vier van 17 SAIGR-geakkrediteerde instellings landwyd. Twee van daardie jare was ons in die nommer een-posisie.
- Die statuur van ons Bestuursrekeningkunde-program word onderstreep deur die CGMA Employability Award (Educator & University Partner) waarmee ons al verskeie kere vereer is.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- In 'n voortgaande projek besoek skole en navorsingsentiteite in die fakulteit hoërskole om leerders te motiveer en om hulle met hul universiteitsaansoeke te help. Hulle verskaf ook addisionele opleiding vir onderwysers oor vakinhoud.
- As deel van werkgeïntegreerde leer help studente klein besighede en nieregeringsorganisasies en organisasies sonder winsoogmerk om hul besighede en organisasies doeltreffend te bestuur. Dit verbeter die studente se probleemoplossings- en kommunikasievaardighede en versterk hul gevoel van sosiale verantwoordelikheid.

- Studente in praktiese psigometrie het as interns by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gedien waar hulle leerders en studente opgelei het oor werkgereedheid, die opstel van 'n CV en onderhoudvoorbereiding. Hulle het ook psigometriese assesserings vir beroepsvoorligtingsdoeleindes afgeneem en individuele terugvoer gegee.
- Ons "Train the Trainer"-inisiatief is 'n navorsingsinisiatief in Vanderbijlpark. Die doel van die projek is om die Kisto Sharpeville-gemeenskapsentrumopleiers te help oplei om gemeenskapslede op te lei in die ontwikkeling van mensekapitaalvaardighede vir vaardigheidsoordrag.
- Ons Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing-navorsingsentiteit (TREES), in samewerking met die Skool vir Toerismebestuur, het 'n Facebook-blad met toerisme-verwante nuus vir die algemene publiek.
- Om Mandela-dag te vier, het die fakulteit verskillende aktiwiteite beplan, soos om tyd by weeshuise en ouetehuise deur te bring, en om kos, higiënepakkies en klere aan nabygeleë gemeenskappe te skenk.

## Navorsingsleerstoel

- Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel (WHO-leerstoel)

## NWU-navorsingsentiteite

- Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)
- WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Handel en Ontwikkeling (TRADE)
- Wêreldwye Innoverende Talentbestuur aan die Spits (GIFT)
- Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA)
- Bestuurskubernetika



*Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was in 2023 die gasheer van die vierde Internasionale Konferensie van die Akademie vir Bestuur se MH-afdeling (HRIC2023). Die konferensie is deur 'n indrukwekkende 132 deelnemers uit 22 lande bygewoon. Die konferensie het oor etlike dae plaasgevind en het 'n reeks aktiwiteite ingesluit, waaronder vier werkwinkels en die voorlegging van 73 navorsingsartikels. Die oorkoepelende tema was "Oorbrugging van die gaping tussen MH-teorie en -praktyk". Hier oorhandig Yannick Griep die toekenning vir Beste Voorlegging aan prof Lizelle Rossouw.*

Lees meer

# INGENIEURSWESE

## Entrepreneuriese leer

Ons akademiese benadering is gebaseer op entrepreneuriese denke. Verskeie finalejaars- en nagraadse projekte het al suksesvolle ondernemings geword, soos die Sentrum vir Gevorderde Vervaardigingstegnologieë (SVGV) (Edms) Bpk, Jonker Sailplanes en Genio Intelligent Roasters.

Vir die besigheidsingenieurswese-module binne Bedryfsingenieurswese formuleer die studente 'n befondsbare sakeplan, en die ingenieursbestuursmodule het 'n multidissiplinêre en interdissiplinêre benadering wat ingenieursekonomie en stelselingenieurswese insluit.

In samewerking met die bedryf en ander universiteite doen ons studente navorsing en ontwikkeling wat relevant is vir die bedryf – plaaslik en internasionaal. Dit strek tot voordeel van die bedryf en gee aan studente 'n goeie idee van die uitdagings en geleenthede in die ingenieursberoep.

## Uitsonderlike programme

Al die BEng-programme is ingevolge die Washington-verdrag by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer. Dit beteken dat hulle aan die hoogste internasionale standaarde voldoen en dat die kwalifikasies internasionaal erken word.

Vanaf 2022 word 'n nuwe nagraadse diploma in bedryfsingenieurswese in volledige aanlyn afstandsmodus aangebied. Verwante kortleerprogramme word ook aangebied.

Voortgesette onderriggeleenthede in industriële outomatisering word verskaf deur die Siemens-opleidingsentrum.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Die langtermyndoelwit van ons gemeenskapsbetrokkenheidstrategie is om volhoubare programme en vennootskappe te implementeer met 'n impak op individue, gemeenskappe en maatskappye.

Dit is belangrik om alle personeel en studente by gemeenskapsbetrokkenheid te betrek en baie talente en vaardighede te benut tot voordeel van die samelewing.

**Spesiale gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte sluit in:**

Sonkragkarontwerp | Koolstoofontwerp | Nasionale parke-projekte | Voedingsprogram | Studentejoolgemeenskapsdiens-projekontwerp | Engenius Kids | Modiragatsi | Femmegenieurswese | Kortleerprogram vir onderwysers | Cybathlon

## Navorsingsleerstoele

- DWI/NNS-leerstoel in Steenkoolnavorsing (Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief – SARChI)
- DWI/NNS-leerstoel in Biobrandstof en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe (SARChI)
- ESKOM EPPEI-spesialiseringsentrum vir Emissiebeheer

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid in Koolstofgebaseerde Brandstowwe
- Eenheid vir Energie- en Tegnologiestelsels
- Meertalige Spraaktegnologieë (MuST)

## Gehuisveste entiteite, platforms en institute

- DWI/HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde.

# GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Ons het ʼn groot verskeidenheid programme – van farmasie, farmaseutiese wetenskappe, voeding en beroepshigiëne tot positiewe sielkunde, kinderbeskerming en forensiese praktyk. Ons opleiding in aanneming in die kinderbeskermingsgraad, sowel as in forensiese maatskaplike werk, is tans die enigste nagraadse aanbod van sy soort in Suid-Afrika.

- Ons Magister Pharmaciae in farmasiepraktyk-programme bied gespesialiseerde opleiding aan aptekers in farmakowaaksaamheid en farmako-epidemiologie, farmaseutiese en gesondheidsekonomie en -beleid, en farmaseutiese openbaregesondheidsorgbestuur.

- Die Magister Artium in positiewe sielkunde is die enigste nagraadse program van sy soort in Afrika.

**Ander noemenswaardige programme is:**

- MSc's en PhD's in farmaseutiese wetenskappe, voeding, dieetkunde, verbruikerswetenskappe, farmaseutiese chemie, farmakologie en farmaseutika.
- MHSc's en PhD's in gesondheidsberoepe-onderwys, transdissiplinêre gesondheidsbevordering, menslike bewegingskunde en rekreasiekunde.
- MHSc in kardiovaskulêre fisiologie
- Meestersgraad en PhD in verpleegkunde
- BHSc en ʼn navorsingsmeerstersgraad in beroepshigiëne. (Die navorsingsmeestersgraad in beroepshigiëne is die enigste van sy soort in Suid-Afrika.)
- MA en PhD in positiewe sielkunde
- Meestersgraad in kliniese sielkunde, berading en navorsingsielkunde
- PhD in fisiologie
- MSW in forensiese praktyk en kinderbeskerming
- MSc in voeding met kerntegnieke

## Gemeenskapsbetrokkenheid en -vakkundigheid

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe streef daarna om die integrasie en belyning van gemeenskapsbetrokkenheid met onderrig-leer en navorsing te bevorder. As deel van hierdie poging dra ons by tot die ontwikkeling van ʼn kultuur van aktiewe burgerskap in ons omliggende gemeenskappe. Dit is belangrik dat ons ʼn interprofessionele benadering gebruik deur met kollegas en studente oor verskillende dissiplines heen saam te werk deur gemeenskapsgesentreerde samewerking met die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte as ons raamwerk.

Ons streef daarna om die gesondheid van almal te verbeter deur wedersyds voordelige samewerking en ʼn verbintenis om gesondheidsuitdagings in die samelewing die hoof te bied.

- Die gemeenskapsbetrokkenheidsmoniterings- en evalueringspraktyke van die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) is bepalend vir beste praktyke vir die hele NWU.

- Die Welstand in Noordwes-projek het aanleiding gegee tot nege welstandsgroepe, sewe belangegroepe, meer as 100 nuwe belanghebbers in die gemeenskapsbetrokkenheidsnetwerk, ʼn gesondheidsbevorderingsberaad en ʼn netwerk vir die bevordering van gesondheid vir die provinsie.

- Vroue van Ikageng in Potchefstroom woon oefenklasse by en ons bied oefen- en terapeutiese rekreasieprogramme aan vir inwoners van tehuise vir bejaardes en persone met intellektuele gestremdhede.

- Deur die Phelophepa-trein verskaf sielkunde-, farmasie- en verpleegkundestudente dienste aan gemeenskappe.

- By die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) bied die ImpENSA-program opleiding in Gesonde Gespreksvaardighede

om gesondheidspraktisyns en gemeenskapsgesondheidswerkers te bemagtig om swanger vroue en nuwe moeders in te lig en te ondersteun ter verbetering van voeding en gesondheid. Die Afrika Voeding-leierskapsprogram ontwikkel leierskapskapasiteit in voeding onder praktisyns in Afrika.

- Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) ondersteun globale en plaaslike hoëbloeddrukbewusmakings- en -siftingsveldtogte.
- Deur middel van 'n verpleegkundewebwerf, YouTube-kanaal en Facebook-blad skep ons landswye bewustheid van verpleegkunde deur die deel van hulpbronne, gesprekke en die vertel van ware verhale oor verpleegkunde en die helende effek daarvan.
- Die navorsingsfokusarea vir lewenstylsiektes het Stadt Primary, een van die oudste skole in Mahikeng, "aangeneem". Die doel is om die verband tussen leefstylsiektes en gesondheidsopvoeding in 'n landelike Afrika-gemeenskap te verken.

## Entrepreneuriese leer

- Verbruikerswetenskappe gee aan studente praktiese en teoretiese blootstelling aan voedsel, mode, ondernemingsbestuur en bemarking.
- Die Social Greenhouse® maak die implementering van volhoubare gemeenskapsgebaseerde tegnologie moontlik.
- DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform-programme is behoeftegebaseerd en sluit die akademie, die bedryf én die regering in.

## NAVORSING

### Navorsingsleerstoel

- DWI/NNS Albertina Sisulu-navorsingsleerstoel in Verpleegkunde (SARChI)

### NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)
- Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen)
- Sentrum van Uitnemendheid: Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR)
- Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres)
- Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- Gehalte in Verpleegkunde en Vroedvrousorg (NuMiQ)
- Leefstylsiektes
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MVSA)
- Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI)

### Gehuisveste entiteite, platforms en institute

- DWI/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (PKGOP)
- Mediese Navorsingsraad se Buitemuurse Eenheid vir Hipertensie en Kardiovaskulêre Siekte Kommersiële navorsingsentiteit
- Sentrum vir Gesondheid en Menslike Prestasie (SGMP)
- Sentrum vir Gesondheidsberoepe-opleiding (SGBO)

### Kommersiële navorsingsentiteit

- Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste (SFBD)

# GEESTESWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Ons vierjarige BA-graad in grafiese ontwerp is uiters gesog en berei die volgende generasie van grafiese ontwerpers en kreatiewe denkers voor om uit te blink in hul werk.
- Die BA-graad in openbare bestuur met munisipale bestuur en leierskap rus studente toe met die beste moontlike vaardighede vir ŉ loopbaan in plaaslike, provinsiale of nasionale regering.
- Die BA-graad in sosiale wetenskappe met bevolking en demografie fokus op die kennis en vaardighede wat nodig is om bevolkingsbeleide en geïntegreerde bevolkingsverwante programme te implementeer.
- Die BA-graad in taaltegnologie stel studente in staat om taal binne tegnologiese programme te verwerk, wat hulle blootstel aan linguistiek en rekenaarlinguistiek, rekenaarwetenskap, wiskunde en statistiek. Dit stel studente in staat om meer akkurate en intuïtiewe mens-rekenaar-interaksie te fasiliteer.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Grafiese Ontwerp het ŉ nuwe onderneming aangepak deur hul studente met plaaslike industrie-relevante projekte te verbind, wat diensleer verseker en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder.
- Ons Suid-Afrikaanse Gebaretaal-vakgroep het verskeie aktiwiteite tydens Dowe Bewusmakingsmaand gereël om bewustheid rondom die Dowe gemeenskap, sy mense, taal en kultuur te skep.
- Skryfkuns se Byderhand-inisiatief is ŉ interdissiplinêre digitale letterkundeprojek wat interaktiewe en multisensoriese leeservarings aan gesiggestremde leerders bied deur gebruikmaking van digitale toestelle en verskeie media, inhoud, en kontekste. Hierdie projek het internasionale erkenning ontvang as ŉ unieke bydrae in die konteks van hiperteks, lokatiewe / plekspesifieke literatuur, en toeganklikheid.
- Die Taalpraktyk-vakgroep op die Mahikengkampus werk saam met die Departement van Sport, Kuns en Kultuur aan ŉ terminologie-ontwikkelingsprojek.
- Die Skool vir Tale – in samewerking met die Inter-institusionele Sentrum vir Taalontwikkeling en Assessering (ICELDA) en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) – is betrokke by akademiese geletterdheids- en taaltoetsprojekte by hoëronderwysinstansies.
- Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) se langtermyninisiatief, die Autshumato-projek, ondersteun veeltaligheid in Suid-Afrika deur gratis oopbronsagteware, masjienvertalingstelsels, glossaria, en ander waardevolle hulpbronne te ontwikkel en aan ons diverse gemeenskap te versprei. Die projek word ondersteun deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR).
- Die Musikhane-program skep geleenthede vir leerders, onderwysers en die gemeenskap om betekenisvolle musiekervarings te hê deur die verkenning van musiekopvoeding, personeelontwikkeling,



*Die Byderhand-inisiatief het bewys dat plante, gedigte en QR-kodes 'n wenkombinasie is, veral wanneer dit digters en skrywers se woorde lewe gee in 'n interaktiewe leeservaring wat al die sintuie prikkel. Prof Franci Greyling het die Byderhand-span verteenwoordig by 'n internasionale hiperteks- en kunsuitstalling wat in September 2023 in Rome gehou is.*

Lees meer

en gemeenskapmusiekdeelname. Musikhane het tans vier vennootskappe, elkeen spesiaal aangepas om gemeenskapskwessies en -behoeftes aan te spreek.

- Die Skool vir Filosofie het die NWU-forum aangebied, wat gefokus het op akademiese integriteit en studente se opinies en sienings oor hierdie onderwerp.
- Die CoLab-projek is ’n samewerking tussen die NWU, die Nasionale Elektroniese Media-instituut van Suid-Afrika en die “Mahikeng Digital Innovation Hub” om e-vaardighede aan die vroue en die jeug van die Noordwesprovinsie te verskaf.
- Die Sosiale Transformasie-navorsingsfokusarea is besig met ’n projek wat die kulturele, omgewings- en mynbou-erfenis van die Verre Wes-Rand karteer – sowel as voorgestelde volhoubaarheidsmaatreëls lank nadat mynbou gestaak is.
- Die doel van hierdie projek is om nagraadse studente in hierdie veld te ontwikkel deur hul konferensiebywoning te borg en daarna saam met hulle te werk om publiseerbare referate te ontwikkel.
- Die navorsingsentiteit Inheemse Taalmedia in Afrika (ITMA) is betrokke by verskillende projekte. Dit wissel van gemeenskapsbetrokkenheidprojekte in die dorpe Mmasutlhe en Phadima tot ’n vennootskap met die Sentrum vir Media- en Kommunikasienavorsing van die Pan-Atlantiese Universiteit in Lagos, Nigerië, om ’n simposium of konferensie oor rolprente in inheemse tale aan te bied.
- Die streekgeskiedenisstudies in opdrag van die Groter Taung plaaslike munisipaliteit is die eerste van hul soort, wat fokus op vroeë menslike nedersetting, integrasie, migrasies en veral die interkulturele vermenging van die Tlhaping.

## Sentrums wat ondersteuning bied aan personeel en studente

- NWU-Skryfsentrum

## Gehuisveste entiteite, platforms en institute

- Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT)
- Setswana Nasionale Leksikografiese Eenheid (Sefala NLE)
- Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR)

## Navorsingsentiteite

- Afrosentriese Bestuur van Openbare Aangeleenthede (ABOA)
- Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Bevolking en Gesondheid
- Maatskaplike Transformasie
- Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)
- Inheemse Taalmedia in Afrika (ITMA)
- Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)
- Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing (ViNCO)
- Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)

# REGTE

## Uitsonderlike programme

Ons Fakulteit Regte is 'n erkende leier in groeiende vakgebiede soos omgewingsreg, bestuursreg en internasionale handelsreg, terwyl hulle ook op die voorpunt bly van meer tradisionele vertakkings van die reg soos handelsreg en strafreg.

Ons bied 'n uiteenlopende reeks voorgraadse opsies, versprei oor ons drie kampusse, om te verseker dat alle studente billike toegang het:

- BA Regte met 'n keuse van drie hoofvakke, oor drie jaar
- BCom Regte met 'n keuse van drie hoofvakke, oor drie jaar
- LLB oor vier jaar
- LLB uitgebreide program oor vyf jaar

**Ons nagraadse aanbod sluit in:**

- Doktorsgraad in die regte in onder meer publiekreg, strafprosesreg, internasionale handel en sakereg, omgewingsreg en handelsreg
- PhD in regte op die gebied van regte en ontwikkeling
- Twee LLM-strome (navorsing en gedoseerd) met 19 verskillende programspesialiserings in verskillende terreine van die reg
- MPhil in omgewingsreg en bestuursreg, en 'n professionele LLM in strafreg en strafprosesreg.

## Maatskaplike responsiwiteit en gemeenskapsbetrokkenheid

Ons mag dalk die tweede-kleinste fakulteit in ons universiteit wees, maar ons harte is groot en ons maak 'n betekenisvolle impak.

Ons akademici is gereelde gaste in gemeenskapsradioprogramme en ander sosiale media-platforms waar hulle hul kundigheid deel. Die Fakulteit bedryf ook 'n verskeidenheid gemeenskapsuitreikprogramme regdeur die jaar.

In hul finale studiejaar word daar van ons studente verwag om gemeenskapsdiens te doen.

### Navorsingsleerstoel

- NNS Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Stede, die Reg en Omgewingsvolhoubaarheid (SROV)

### NWU-navorsingsentiteit

- Deur ons Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid doen ons navorsing oor geregtigheid in die praktyk; omgewingsverandering; finansies, handel en innovasie; en kwesbare samelewings.



*Ons akademici is betrokke in hul gemeenskappe en lewer deurlopend bydraes deur hulle vaardighede in die vorm van gratis regshulp en advies met behoeftige gemeenskappe te deel. Ons regsklinieke in Potchefstroom, Mbombela en Mahikeng bied gratis regsdienste aan mense wat nie kan bekostig om daarvoor te betaal nie.*

# NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

Benewens 'n omvattende reeks voorgraadse programme bied die fakulteit ook verskeie meesters- en doktorsgraadprogramme aan sodat nagraadse studente hul kennis kan uitbrei, verskillende spesialiserings kan verken en beter begrip kan ontwikkel van al die beskikbare moontlikhede. Die vlagskipprogramme sluit in:

- MSc in bedryfswiskunde en informatika
- MSc in astrofisika en ruimtewetenskap
- MSc in omgewingswetenskappe met spesialiserings in geïntegreerde plaagbestuur, ramprisikowetenskappe en atmosferiese chemie
- Diploma, BSc, MSc en PhD in dieregesondheid
- BSc en meestersgraad in inheemse kennisstelsels

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons het verskeie projekte wat daarop gemik is om die behoeftes van ons gemeenskappe te ondervang:

- Ramprisikoverminderingskennis vir plaaslike regering dra by tot verbeterde dienslewering vir plaaslike gemeenskappe.
- Ons leer 'n plaaslike gemeenskap hoe om die klimaatsveranderingbestande supervoedsel amarantgraan te verbou en te bemark, terwyl ons nano-waterfiltrasieaanleg veilige drinkwater aan die dorpie Madibogo verskaf.
- Ons twee wetenskapsentrums bevorder kinders en die algemene publiek se kennis van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en inligtingswetenskappe.
- Die Nguni-beesprojek bemagtig ontluikende boere om kommersieel georiënteerd te raak, terwyl 'n ander projek gaan oor die ontwikkeling van inheemse terapieë vir beesvoerbedrywe.
- Ons mobiele laboratoriums bring wetenskapseksperimente na skole sonder laboratoriums in afgeleë uithoeke van ons provinsie. Ons stimuleer ook leerders se belangstelling in wetenskap deur interaktiewe wetenskapsuitstallings na die gemeenskappe te neem.
- Ons Mahikeng en Potchefstroom astronomiese observatoriums inspireer die publiek en leerders om die geheimenisse van die heelal te verken en beklemtoon die NWU se belangrike rol in die onthulling van daardie geheimenisse.
- Deur ons Nngwe-projek poog ons om skaars siektes, veral by kinders, deur toetse te identifiseer. Ons kyk na maniere om hierdie toetse toeganklik te maak vir personeel van die NWU en werk saam met mediese fondse om dit as ledevoordele in te sluit.

## Entrepreneuriese leer

Voorbeelde van kwalifikasies wat entrepreneuriese leer inkorporeer, is aktuariële wetenskappe, kwantitatiewe risikobestuur en besigheidsanalise, en omgewingsbestuur.

### NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing
- Eenheid vir Datawetenskap en Berekening (EDWB)
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur (EOWB)
- Chemiese Hulpbronveredeling (CHV)
- Menslike Metabolomika (MM)
- Suiwer en Toegepaste Ontleedkunde (STO)
- Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM)
- Voedselsekuriteit en -veiligheid (VSV)
- Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI)
- Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur, Voedselsekuriteit en -veiligheid

## Navorsingsleerstoele


- DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Astrofisika en Ruimtefisika (SARChI)
- DWT/NNS SA-NAM Bilaterale Navorsingsleerstoel in Astronomie en Astrofisika (SARChI)
- Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (SBWI)
- Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur (SWWB)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- DWT/NNS-sentrum vir Inheemse Kennisstelsels (SIKS)
- Sentrum vir Menslike Metabolomika (SMM)
- Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT)
- Statistiese konsultasiedienste en instrumentmakery

*'n Span navorsers het die skouspelagtige aurora, wat ook as die suiderlig bekend staan, deur die NWU se sonteleskoop bestudeer. Die aurora is deur 'n sonstorm veroorsaak wat die aarde op 10 en 11 Mei 2024 geaffekteer het. Hierdie indrukwekkende beelde is vasgevang toe dr Ruhann Steyn en meesterstudent Calmay Lee besluit het om, as deel van 'n demonstrasie aan voornemende studente en hul ouers, die teleskope op die sonstorm in te stel.*

Lees meer



# TEOLOGIE

## Uitsonderlike programme

• Ons BA in antieke tale is een van die min programme in Afrika wat spesialisering aanbied in Grieks, Hebreeus, Aramees en ander tale wat nodig is vir diep ontleding en bestudering van antieke tekste en die Bybel. Ons aanbod sluit Latyn en Arabies in.

• Ons is ook een van die min universiteite wat ʼn tradisionele klassieke graad aanbied. Ons het ook ʼn kursus in antieke kulture en spesialiskursusse in Egipties, Mesopotamies en ander antieke kulture.

• Die BA in pastorale berading berei studente voor vir moontlike loopbaanopsies soos pastorale berading, terwyl die BTh in Christelike Bediening gemik is op studente wat die bediening wil betree in die Apostoliese Geloofsending (AGS) en enkele ander kerkverbande. Laasgenoemde word deur kontakklasse op die Potchefstroomkampus en via afstandsleer aangebied.

• Die BDiv-kwalifikasie is vir studente wat predikante wil word in kerkverbande in die gereformeerde tradisie en word deur kontakklasse op die Potchefstroomkampus en via afstandsleer aangebied.

• Die gedoseerde MDiv professionele meestersgraad fokus op opleiding vir praktiese bediening in kerke binne die gereformeerde tradisie.

• Ons is ook besig om ʼn nagraadse diploma te ontwikkel wat dit vir studente uit ander vakgebiede moontlik sal maak om in te skryf vir ʼn meestersgraad in teologie.

Hierdie uiteenlopende reeks programme en kwalifikasies verseker dat ons studente genoeg ruimte het om te besluit waar hul belangstellings en talente die beste aangewend kan word.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Ons bied praktiese en geestelik voedende programme aan vir plaaswerkers, gevangenes in korrektiewe fasiliteite en skoolleerders.
- Deur die Vaderskapsopleidings- en -toerustingsprogram leer ons die inwoners van Potchefstroom se Aanhoudingsfasiliteite vir Verhoorafwagtendes om beter vaders te wees.
- Ons het verskeie programme by plaaslike skole om goeie burgerskap aan te moedig, leiding te gee oor studiemetodes, te fokus op vroulike higiëne, en om geletterdheid en akademiese vaardighede te bevorder.
- Die Skool vir Antieke Tale bied formele taalklasse aan vir laer- en hoërskoolleerders in Potchefstroom, sowel as ʼn kortleerprogram in Latyn vir Plantkunde.

## NWU-navorsingsentiteite

- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Fokusarea vir Antieke Tekste: Teks, Konteks en Ontvangs

# KOM ONS PRAAT BESIGHEID

As die eerste skool op die Afrika-kontinent wat internasionale akkreditasie van die Business Graduates Association (BGA) ontvang het, het die **NWU-Besigheidskool** homself gevestig as 'n pionier in die verskaffing van kwaliteitonderwys.

Ons verbintenis tot uitnemendheid word verder geïllustreer deur die gesogte akkreditasie van ons MBA-program deur die International Association of MBA's (AMBA), wat ons onder die top 2% van erkende besigheidskole wêreldwyd plaas.

## Ons geniet internasionale akkreditasie

Ons het  ook akkreditasie van die Association of African Business Schools (AABS), en ons is die eerste besigheidskool op die Afrika-kontinent wat internasionale akkreditasie van die Business Graduates Association (BGA) ontvang het.

Ons is trots op die hernuwing van ons akkreditasie vir die Business Graduate Association in 2023. Ons het ook in 2023 by die Afrika-afdeling van die Beginsels vir Verantwoordelike Bestuursopvoeding aangesluit.

Ons formele programme sluit 'n MBA-kwalifikasie, 'n nagraadse diploma in algemene bestuur en 'n PhD-kwalifikasie in wat voorsiening maak vir individue wat op soek is na omvattende besigheidsopleiding.

## Gesog vir beroepslui

Daarbenewens bied ons 'n groot verskeidenheid bestuursopleidingskursusse en kortleerprogramme aan, wat baie gesog is onder beroepslui wat hul vaardighede wil uitbrei en voor bly in 'n vinnig veranderende wêreld.

Met ons wortels in Suid-Afrika, streef ons daarna om te staan as 'n toonbeeld van uitnemendheid in besigheidsonderrig regoor die Afrika-kontinent.

Deur impakvolle onderwys te verskaf, innovasie te bevorder, etiese leierskap te toon en 'n verbintenis tot uitnemendheid te handhaaf, beoog ons om waarde vir ons belanghebbers te skep en 'n positiewe impak in Afrika en verder te maak.



# ONS KENNIS IS SONDER GRENSE

Ons Eenheid vir Afstandsleer (EAL) is die tweede-grootste verskaffer van afstandsleerprogramme in Suid-Afrika.

Die meeste van ons afstandleerstudente is ingeskryf in onderwysprogramme.  Die meeste van die universiteit se fakulteite het nou oop afstandsleeraanbiedinge, en ons bou geleidelik momentum.

Daarbenewens bied die eenheid die Universiteit-voorbereidingsprogram aan, wat in 2023 ongeveer 349 deelnemers in Suid-Afrika gehad het. Hierdie program bied toegangsgeleenthede aan voornemende studente wat nie aan die toelatingsvereistes vir spesifieke formele grade voldoen nie.

Oor die jare heen is meer as 100 000 NWU-kwalifikasies aan afstandstudente toegeken wat op soek was na geleenthede om teen hul eie tempo te groei.

## Op geoliede wiele

Die afstandstudentewaardeproposisie is in proses en is van stapel gestuur om ons leerders van gespesialiseerde diensaanbiedinge te voorsien om die beste opvoedkundige ervarings te verseker.

Die EAL-gebou op die Potchefstroomkampus huisves moderne ateljees vir nasionale en internasionale uitsendings. Kontaksessies kan opgeneem word en op die web gelaai word sodat studente later toegang kan kry tot die lesse. Die eenheid het ongeveer 115 eksamensentrums regoor Suid-Afrika en Namibië.

## Ons voetspoor groei

Daar was ŉ bestendige toename in versoeke van provinsiale onderwysdepartemente vir beursprojekooreenkomste met die NWU. Dit sal ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders in staat stel om hul kwalifikasies en vaardighede te verbeter. Ons akkommodeer hierdie versoeke waar ons kan. EAL belê in jou toekoms… Ons gee om!

# ONS LEWER
# GOED AFGERONDE STUDENTE AF

Vir ons studente begin hul ontdekkingsreis by die NWU. Op ons kampusse vind hulle geleenthede om akademiese uitnemendheid te bereik en om hul talente te ontwikkel – hetsy in die sfeer van kuns, kultuur, sport of leierskap.

Aangesien kampuslewe gerig is op holistiese groei, verskaf ons ook dienste soos gesondheids- en psigososiale ondersteuning om studente se gesondheid en welstand te bevorder.

Dieselfde geld vir ons kultuur- en sportaktiwiteite. Die NWU is bekend vir sy dinamiese studentelewe, wat ons studente talle geleenthede bied om aan hul gekose aktiwiteite op universiteits-, streeks-, nasionale en internasionale vlak deel te neem.


## Studenteprofiel

In 2024* het die NWU se studenteprofiel soos volg daar uitgesien (soos op 31 Maart 2024*):


| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 63 671 | 56 425 | 53 469 | 53 071 | 54 207 | 56 958 |
| Kontak | 44 647 | 44 785 | 43 638 | 44 139 | 45 306 | 47 468 |
| Afstand | 19 024 | 11 640 | 9 830 | 8 932 | 8 901 | 9 490 |

**(2024-syfers is nie finaal nie)*

### Rassesamestelling in 2024*




### Geslagsamestelling in 2024*




**(2024-syfers is nie finaal nie)*

## Voorgraads vs nagraads

Alhoewel die meeste studente voorgraadse studente was, het die NWU ook 'n beduidende aantal nagraadse studente gehad in 2024*. Hulle sluit in:

**2 384**
**meestersgraadstudente**

**926**
**doktorsgraadstudente**

**(2024-syfers is nie finaal nie)*

## Studie-opsies

Hier is 'n paar van die studierigtings wat studente in 2023 gekies het*:

| Hoofstudierigting | Kontak | Afstand |
|---|---|---|
| Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie | 12 402 | 377 |
| Besigheid en bestuur | 12 216 | 376 |
| Opvoedkunde | 8 529 | 7 752 |
| Geestes- en sosiale wetenskappe | 13 436 | 394 |

**(2024-syfers is nie finaal nie)*

## Bevordering van akademiese sukses

Ons bied verskeie programme aan om studente akademies by te staan; ons help hulle om hul potensiaal te ontdek en te ontwikkel en sukses te behaal.

Akademiese ondersteuning, hetsy aanlyn of in persoon, is omvattend:

- Alle eerstejaarstudente neem deel aan ons akademiese oriënteringsprogram, en skryf 'n akademiese geletterdheidstoets om te bepaal of hulle sal baat by die addisionele akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Die First Year Navigator is 'n aanlyn platform waar eerstejaarstudente deur die akademiese jaar begelei word en alle ondersteuningsdienste en gebeurtenisse uitgelig word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in akademiese adviesdienste, akademiese ontwikkelingswerkswinkels, ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums, skryfsentrums en wiskunde- en statistieksentrums.
- Ons bied ook Aanvullende Onderrig (AO) aan, wat 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningsprogram vir studente is.
- Ons Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) en hoër sertifikate bied oorbruggingsprogramme vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Ons bied opknappingsprogramme in wiskunde aan vir eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Ons verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om die kurrikulum oor 'n langer tydperk te versprei, wat die akademiese werklading verlig en hul kanse op akademiese sukses verhoog.

## So sien ons om na ons studente

Ons kampusgesondheidsentrums en studenteberading en -ontwikkeling-eenhede bied gratis mediese en psigososiale dienste aan studente.

Ons volg ŉ holistiese en multidissiplinêre benadering tot die versorging van ons studente. Ons bied verskeie beradings- en maatskaplike welsynsdienste en organiseer bewusmakingsveldtogte oor onder meer MIV en Vigs, geslagsgebaseerde geweld en LGBTQIA+ regte.

## Die huis is waar die hart is

Ons studenteverblyfopsies is legio. Ons verskaf 12 743 beddens wat bestuur word deur Inwoning en Voedseldienste. Dit sluit in beddens wat deur die NWU besit word en ander beddens wat gehuur word by private verskaffers (en as deel van die universiteit se formele koshuise bedryf word).

ŉ Geskatte 16 000 studente woon in geakkrediteerde behuisingsfasiliteite wat deur privaat verhuurders verskaf word, terwyl nog baie meer studente in privaat, niegeakkrediteerde fasiliteite bly.

Daar is 47 NWU-koshuise op die drie kampusse, plus een niekampuskoshuis in Vanderbijlpark, waar ons ook ŉ bykomende vier koshuise in die dorp huur.

*Benewens studente-akkommodasie, maak ons ook voorsiening vir ons studente se buitemuurse aktiwiteite. Die nuwe, veeldoelige Tsebokoneng-saal op die Vanderbijlparkkampus kan ewe maklik vir konferensies of binnenshuise sportbyeenkomste aangewend word.*

Lees meer



# VERBEELDING- EN SPIERBOU

Die NWU bied talle geleenthede aan studente om hul talente te ontwikkel deur aan die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

## Kuns en kultuur in die kollig

Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunstefeeste, uitstallings en kompetisies, skoonheidskompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

Op al drie ons kampusse dien kuns as 'n universele taal waarby individue van alle agtergronde aanklank vind. Ons doel is om verbindings tussen mense te kweek, ons studente se ervarings te verbeter en by te dra tot die dinamiese studentelewe en die gemeenskap in die algemeen.

NWU Kuns & Kultuur streef daarna om geleenthede vir groei te skep. Die kunsprogramme is ontwerp om inklusief en vooruitdenkend te wees, en om artistieke uitnemendheid te koester. Die NWU is daartoe verbind om platforms van hoë gehalte te verskaf, aktiewe deelname aan te moedig, en blootstelling aan die uitgestrekte en florerende gebied van die kunste te bied.

## Ons het die volgende kunsplatforms:

By Artéma, die Instituut vir Kunstebestuur en -ontwikkeling, streef ons daarna om 'n unieke leerervaring in kunsbestuur te bied, deur innoverende en geakkrediteerde kursusse aan te bied.

Ons goed toegeruste opnameateljee voorsien in die behoeftes van studente en fakulteite op kampus, sowel as die plaaslike gemeenskap. Die ateljee bied topgehaltedienste vir radio-advertensie-opnames, CD-produksies en lewendige konsertopnames vir verskeie groepe.

Vir diegene wat in visuele kunste belangstel, bied die NWU-galery talle kunsuitstallings by die Hoofgalery en die Botaniese Tuine-galery aan. NWU-Kunste poog om studente, personeel en die gemeenskap van verrykende opvoedkundige ervarings en geleenthede te voorsien om met die visuele kunste om te gaan.

Deur NWU-Kunste dra ons by tot die studentelewe op ons kampusse deur studente te ondersteun wat daartoe verbind is om sukses in die kunste te behaal terwyl hulle studeer. Ons is daartoe verbind om te belê in die ontwikkeling en erkenning van artistieke talent onder ons studente.

# Uitnemendheid skitter op kampus en elders

Daar vind jaarliks talle kunsgeleenthede op ons kampus plaas. Enkele van hierdie hoogtepunte sluit in:

- Die hoogtepunt in Februarie 2023 was die jaarlikse Canvas visuele kunskompetisies tussen koshuise aangebied deur KSR Kuns en Kultuur. Studente het binne 12 ure verstommende kunswerke geskep. Die kunswerke moes die tema vir 2023 uitbeeld – "One man's trash ..."
- Een van die grootste gebeurtenisse op die Studentelewe Kunste-kalender het van 26 tot 28 Julie 2023 in die Sanlam-ouditorium en NWU-konservatorium plaasgevind. Die Kampusserenade, voorheen bekend as Enkelsêr, was propvol studentetalent en die finale aand het nie teleurgestel nie.
- Bywoners van die jaarlikse Eagi Kampustalentfees word jaar na jaar verras deur die deelnemers se verbysterende talent.
- Die Atterbury Trust Acappella-kompetisie vir universiteite het op 30 September by die Atterbury-teater in Pretoria plaasgevind. Patria-manskoshuis en Kasteel-dameskoshuis het die NWU verteenwoordig en hul a cappella-talent ten toon gestel. Die groep van Kasteel het as die algehele wenners uit die stryd getree en het die welverdiende eerste prys gekry.
- Die uitsonderlike NWU-Simfonieorkes-konserte laat gehore in verwondering. Die Momentum Beleggings Aardklop Kunstefees in 2023 is afgesluit met 'n merkwaardige samewerking tussen die NWU-Simfonieorkes, die Rhapsody Orkes van Bloemfontein, die Noordwes-Jeugorkes, en twee kore – die NWU PUK-Koor en die NWU Serenaders.
- Die gehoor is betower deur die koor, soliste en uitgebreide orkes, wat gelei het tot 'n staande ovasie.
- Die jaar 2023 het op 'n hoë noot afgesluit. Die NWU-Koor het vanaf 29 November tot 18 Desember 'n konserttoer deur Europa onderneem. Hulle het opgetree in Nederland, Duitsland, België, en Frankryk. Hulle het ook saam met plaaslike kore opgetree. As 'n grant finale van die toer, het die NWU-koor op 15 Desember twee Kersvertonings by die gesogte Videopolis-teater in Disneyland Parys gelewer en die verhoog met verskeie Disney-karakters gedeel.



*Die uitsonderlike NWU-simfonieorkes se konserte verstom gehore. Die 2023 Momentum Beleggings Aardklop-kunstefees het afgesluit met 'n merkwaardige gesamentlike optrede deur die NWU-simfonieorkes, die Bloemfonteinse Rhapsody-orkes, die Noordwes-jeugorkes, en twee kore – die NWU-PUK-koor en die NWU Serenaders.*

## Grootsheid is ń spansport

Studente op al drie kampusse het die geleentheid om aan sport deel te neem, hetsy vir ontspanning of gesondheid, of om kompeterend as hoëprestasiespelers en -atlete deel te neem.

Wanneer hulle vir die universiteit uitdraf, dra ons sportspanne met trots die NWU Eagles se embleem. Die NWU se prestasies op die sportveld maak van ons een van die voorste sportuniversiteite in Suid-Afrika.

### Ons spog met die volgende twee institute:

- Rugbyinstituut
- Sokkerinstituut

### Ons bied sewe sportkodes op hoëprestasievlak:

- Atletiek
- Krieket
- Hokkie
- Netbal
- Rugby
- Sokker
- Tennis

### Daarbenewens kan studente kompeterend of vir ontspanning aan die volgende sportsoorte deelneem:

Aërobiese oefeninge / pluimbal / liggaamsbou / boks / kanovaart / skaak / rondte-oefening krieket / landloop / fietsry en bergfietse / danssporte / e-sport / gholf / gimnastiek / hokkie / jujitsu / karate / skopboks / swemlesse / breinsport / netbal / pilates / potspel / rotsklim / rugby / sewesrugby / drafklub / “spinning” / muurbal / swem / taekwondo / tafeltennis / tennis / vlugbal / waterpolo / joga / Zumba

## Ons is die kampioene

Ons sportsterre het in 2022 en 2023 aan twee inter-universiteitstoernooie deelgeneem. Die toernooie was die Varsity Cup-kompetisie en USSA (Universiteitsport Suid-Afrika) se kampioenskappe.

## Varsity Sports-kompetisie:



### RUGBY

1ste plek NWU Eagles (2023)

1ste plek NWU Young Guns (2023 en 2024)



### NETBAL

3de plek (2023)

## USSA-kampioenskappe:




### LIGGAAMSBOU

1ste plek (2023)



### KARATE
**(Span-Kata)**

1ste plek (2023)



### Muurbal
**(gekombineerde spanne)**

1ste plek (2023)



### AËROBIESE OEFENINGE

1ste plek (2022 en 2023)



### Atletiek

2de plek (2023)

## Gasheer vir die wêreld se bestes

Die NWU het die afgelope twee jaar verskeie belangrike sportgeleenthede aangebied:

- Die Vereniging vir Professionele Tennisspelers (ATP) se byeenkoms vir mans en vroue
- Die Internasionale Tennisfederasie (ITF) se byeenkoms vir mans en vroue
- Die Internasionale Hokkiefederasie (FIH) se Wêreldbekerbyeenkoms vir junior vroue
- Die Internasionale Hokkiefederasie (FIH) se Professionele Liga-hokkiebyeenkoms vir mans
- Die Internasionale Hokkiefederasie (FIH) se Nasiebekerbyeenkoms vir mans
- Die Internasionale Krieketraad (IKR) se o.19-Krieketwêreldbekerbyeenkoms
- Die Internasionale Krieketraad (IKR) se Krieketwêreldbekerbyeenkoms vir o.19-vroue
- USSA se Nasionale Karate- en Liggaamsboukompetisies

## Uitnemendheid in die kollig - tuis en oorsee

Onalenna Mongale is op 18 Februarie 2023 by die Noordwes- provinsiale regering se 7de Sporttoekenningseremonie as Noordwes se sportman van die jaar aangewys.

Onalenna het Suid-Afrika in 2022 by die Internasionale Universiteitsportfederasie (FISU) se kompetisie vir Gevegskuns – Karate in Turkye verteenwoordig, waar hy 6de uit 22 deelnemers in sy afdeling geëindig het. Die NWU se Sokkerinstituut het by dieselfde seremonie die Gemeenskapsportontwikkelaar-toekenning ontvang vir hul rol in die ontwikkeling van sokkerspelers en hul ondersteuning in die vorm van atletiekbeurse.

Deidré Jordaan, Diané Olivier en Jarred Elliot het van 13 tot 19 Februarie 2023 aan die All Africa-pluimbalkampioenskappe in Benoni aan die Oos-Rand deelgeneem. Deidré het goud in die vroue-dubbels en brons in die gemengde dubbels gewen, terwyl Jarred goud in die mans-dubbels losgeslaan het.

Die NWU/CycloDNA-fietsryspan het twee goue medaljes gewen by die 2023 Suid-Afrikaanse Nasionale Baan- en Parafietsrykampioenskappe wat 1 tot 5 April 2023 in Kaapstad gehou is. Daarbenewens het prof Pieter Kruger sy titel as wenner van die 20 km-wedren vir veterane (ouderdom 40 tot 49) suksesvol verdedig.

Pieter is die direkteur van die NWU se Sentrum vir Gesondheid en Menslike Prestasie (CHHP).

Op die rugbyfront het die NWU Eagles op 17 April 2023 eerste op die Varsity Cup-punteleer geëindig. Ons NWU Young Guns het 'n week later ook 'n oorwinning in die Young Guns se o.20 kompetisie behaal.




*In 2024 het die Young Guns weereens die finaal van die 2024 Varsity Young Guns gewen. Hulle het as oorwinnaars uit die stryd getree toe hulle die Shimlas met 'n telling van 39-36 in Bloemfontein geklop het.*

Lees meer

Ster marathonatleet en NWU-personeellid Elroy Gelant het vir die derde opeenvolgende keer vir die Olimpiese Spele in 2024 gekwalifiseer. Hy is ook as beste marathonatleet in Suid-Afrika gekroon toe hy in April 2024 die nasionale kampioenskappe gewen het.

Twee paralimpiese atlete het gekwalifiseer vir Parys 2024. Hulle is Liesel Gouws (vir 400m en verspring) en Khumo Pitso (vir hoogspring). Ander NWU-atlete wat vir die 2024 Olimpiese Spele in Parys gekwalifiseer het, is Rogail Joseph (400 m), Benjamin Richardson (200 m), Jo-Ané van Dyk (spiesgooi), Ethan Olivier (driesprong) en Bradley Nkoana. Personeellid prof Pieter Kruger en alumnus Annelize Rostron het ook die Spele in Parys bygewoon..

## Top-oefenbestemmings

Die NWU word nog altyd geken aan die wyse waarop ons uitnemendheid en vaardigheid kombineer, en die Sentrum vir Gesondheid en Menslike Prestasie (CHHP) dien as uitstekende voorbeeld daarvan.

Die nuwe gebou is amptelik op 23 Maart 2023 geopen, en huisves kundiges aan die Instituut vir Sielkunde en Welstand, die Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling, en die Instituut vir Biokinetika.

Hierdie nuwe wêreldklasfasiliteit implementeer wetenskaplike kundigheid in al ons sport-, oefening- en gesondheidsdienste, en stel ons in staat om dienste te lewer wat nêrens anders in Suid-Afrika onder een dak beskikbaar is nie. **Lees meer**.

Behalwe hiervoor is ons Hoëprestasie-instituut (HPI) 'n ultramoderne sportgimnasium wat ń volledige reeks dienste bied, insluitende sportafrigting, medisyne, navorsing, voeding en sportsielkunde. Die moderne geriewe lok jaarliks topatlete van regoor die wêreld.

Die Vereniging van Nasionale Olimpiese Komitees in Afrika (ANOCA) het die NWU geakkrediteer as sentrum van uitnemendheid vir die Afrika-kontinent (2022 en 2023).

Ons Sports Village akkommodeer die meer as 2500 nasionale en internasionale sportspanne en atlete wat jaarliks by hierdie fasiliteite kom oefen.



*Omphile Makhobosi en Palesa Mphela van die NWU se dansspan op die Mahikengkampus is gekies om Suid-Afrika in die onder 21-afdeling vir Latynse danse by die 2024 Wêrelddanssportfederasie (WDSF) se wêreldkampioenskap te verteenwoordig. Hierdie gesogte geleentheid vind in November in Salaspils, Latvië plaas.*

Lees meer

# KONTAKBESONDERHEDE


**Jean Stidworthy**
Direkteur: Bemarking en Studentewerwing
Tel: +27 18 299 2774
E-pos: jean.stidworthy@nwu.ac.za

**Louis Jacobs**
Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

**Sylvanus Welcome**
Direkteur: Ontwikkeling en Fondsinsameling
Tel: +27 16 910 3588
E-pos: sylvanus.welcome@nwu.ac.za


# ERKENNING


**Samestelling:**
Korporatiewe Kommunikasie, NWU

**Ontwerp, uitleg en drukwerk**
African Sun Media
www.africansunmedia.co.za
info@africansunmedia.co.za

**Fotografie**
NWU-diensverskaffers en -kollegas

Dit begin alles hier®

NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA